

Sing vooraf staande:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1

1

*Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.*

Gebed

Psalm 73:12

12

*Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.*

Skriflesing: Matteus 7.

Teks: Matteus 7:16, 17. Kategismus Sondag 32

Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie duiwe of vye van distels nie! So dra elke boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.

Die uitlewing van ons geloof is 'n baie fyn en sensitiewe saak. 'n Mens kan maklik in twee uiterstes verval.

- Daar kan baie maklik gedink word dat die geloof alleen by die Here tel en dat jy dus nie aan jou werke (lewensstyl) aandag moet gee nie.
- Die ander kant is ook moontlik, naamlik dat iemand die indruk kan hê dat geloof nie so belangrik is nie, solank jou werke net van hoogstaande gehalte is.

Al twee hierdie uiterstes is verkeerd.

- Die regte toestand is 'n kombinasie van 'n lewende geloof en goeie werke.
- Jou geloof moet spontaan tot uiting kom in jou goeie werke.
- Die een kan nie sonder die ander nie, en die een kan ook nie losgemaak word van die ander nie.

1. Goeie werke en die Here Jesus Christus

2. Goeie werke en die mense rondom my

1. Goeie werke en die Here Jesus Christus

As ons goeie werke wil verstaan, en die regte verhouding waarin dit tot geloof staan, moet ons eerstens gaan kyk na die goeie werke van die Here Jesus Christus. *Die Here Jesus se goeie werke was almal gerig op die eer van God en die verlossing van die gelowiges.*

In die Heidelbergse Kategismus is daar 'n vraag wat vra waarom ons nog steeds goeie werke moet doen as ons reeds uit genade verlos is? Is dit nie so dat as iemand weet dat hy "uit genade alleen" verlos is, hy dalk kan voel dat hy van alle verantwoordelikheid onthef is nie?

Die antwoord is: Nee.

- Dis waar dat ons met die bloed van Jesus vrygekoop en vrygemaak is.
- Maar dis ook waar dat ons deur die Gees van God tot sy ewebeeld vernuut is.

As jy tot die ewebeeld van Christus vernuut is, beteken dit dat jy nie onverskillig staan teenoor die verlossing nie en dat jy uiteraard jou verantwoordelikheid teenoor jou Verlosser sal besef. Dit beteken dat jy die Here Jesus ook in die doen van goeie werke sal navolg.

Daarom sê die Here dat 'n goeie boom goeie vrugte dra.

- Die goeie boom is tog sekerlik 'n ware gelowige en sy goeie vrugte is die spontane goeie werke wat uit sy geloof in die Here voortvloei.
- Kyk weer na die beeld, wat iets word baie skerp gestel: die goeie boom dra goeie vrugte.

Die goeie vrugte kom voort omdat die boom goed is – dis nie so dat die boom dalk 'n slegte boom is en nou dra hy goeie vrugte sodat hy kan goed word nie.

- Dis nie so dat die boom iets wil verdien nie.
- Sy vrugte is 'n weerspieëling van dit wat hyself is.
- In Johannes 15:8 stel Jesus dit duidelik dat God die Vader verheerlik word deur die feit dat ons vrugte voortbring.

Christus het met sy goeie werke en lewe nie net mense verlos nie.

- Sy sondeloose lewe was heel eerste gerig op die eer van God.
- As Christus dan met sy lewe en sy dood – behalwe vir die feit dat Hy ons van ons sondes verlos het – die Here verheerlik het, moet ons dieselfde doen, want ons word juis deur die werk van Christus hiervoor bekwaam gemaak.

2. Goeie werke en die mense rondom my

Goeie werke het nog 'n kant: dit is ook gerig op die mense rondom my. Ons moet daarmee ons naaste vir die Here Jesus Christus wen. Ons kan dus se dat die doel van goeie werke tweeledig is:

- Tot God se eer
- Tot behoud van ons naaste

Ons bewys ons geloof met ons werke teenoor die ander mense.

Ons geloofseerlikheid kom in ons werke na vore.

- As jy in jou hart oortuig is van jou geloof, gaan dit spontaan in jou lewensstyl na vore kom.

- Die Kategismus sê dat daar 'n lus by jou gewek word om die wet na te streef.
- Jy ondervind dan 'n bepaalde wil om die geregtigheid van God uit te leef.
- Hierdie spontane lus om te doen wat vir die Here aangenaam is, is niks anders nie as gehoorsaamheid.

Hierdie eerlike lewenshouding word dan deur die Heilige Gees gebruik om ander mense ook te vernuut en tot bekering te lei.

- Ons lewens word dan rigtingwysers aan 'n krom en verdraaide geslag.
- Dit is waarom ons glo dat ons goeie werke ook tot die behoud van ons naaste is.

3. Gebrek aan goeie werke is die pad hel toe

Die Bybel praat op baie plekke van afgodsdienaars, egbrekers, gierigaards, dronkaards, lasteraars, rowers en sulke mense wat met die oordeel van God te doen gaan kry.

- Dis omdat hierdie mense met so 'n lewensstyl bewys dat die ware beeld van God in hulle ontbreek.
- Hulle lewe as dankoffer aan God vertoon 'n algehele gebrek aan dankbaarheid en staan in die teken van sonde en verset.
- Ons kan dit teologies so sê:
 - Die heiligwording ontbreek by hulle.
 - Hulle lewe dra dus die merk daarvan dat hulle met God gebreek het.

Die ware gelowige moet hierdie dinge raaksien, want dit sal hom in sy eie dankbaarheidslewe weer opskep.

- Daarom behoort elke gelowige by selfondersoek vir homself te vra: Glo ek werklik?
- En as hy antwoord ja, dan moet sy lewe dit bewys - dan moet sy geloof gedra word deur sy werke.

Nou berei ons voor om weer Nagmaal te vier.

- Dit pas hierby want ons kom juis Nagmaal toe omdat ons by onself ontdek dat ons nie volmaak is nie en dat ons 'n Verlosser bitter nodig het.
- Die Nagmaal bevestig weereens dat die Here Jesus Christus met sy soenverdienste ons sondes met die toorn van God versoen het.
- Dit bevestig weer 'n keer aan ons dat ons volkome vergifnis het vir al die foute wat ons maak.

Maar Nagmaal bevestig ook weer aan ons dat ons deur die Heilige Gees gelei en geregeer word om voortdurend te vernuut tot die beeld van Christus.

- Dus dat ons van nuuts af 'n bekeringslewe sal lewe waarin ons breek met die sondes wat daar nog by ons vassteek.
- En dat ons ook sal volhard met goeie werke, waarmee ons die Here loof en dank vir sy volharding.

Jakobus sê: Toon my jou geloof uit jou werke (2:18).

Kom ons lees Kategismus Sondag 32 saam.

Vraag 86: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

Antwoord: Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys (a) dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys (b) word: Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry. (c), en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen (d).

(a) Rom 6:13; 12:1, 2; 1 Pet 2:5, 9; 1 Kor 6:20. (b) Matt 5:16; 1 Pet 2:12. (c) 2 Pet 1:10; Matt 7:17 Gal 5:6, 22. (d) 1 Pet 3:1, 2; Rom 14:19.

Vraag 87: Kan die mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie (a).

(a) 1 Kor 6:9, 10; Ef 5:5, 6; 1 Joh 3:14.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 107:10

10

*Laat hul met offerande / die HERE loof en dank,
die werke van sy hande / vermeld met klare klank;
laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom met hul offers prys, / omdat Hy groot en goed is*

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 14 Oktober 2012